



BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER KONINKRYKSTYD 2017

Reeks oor Gasvryheid begin:

Moedergemeente Stellenbosch fokus vanjaar op drie prioriteite naamlik, GEGRONDVES (ons identiteit in God Drie-Enig), GELOOFSONDERSKEIDING (om fyn te onderskei hoe en waar God werkzaam is en dan gehoorsaam deel te wees van sy roeping vir ons) en GASVRYHEID. Ons begin die tweede semester met 'n preekreeks van vyf weke oor Gasvryheid. Dit val ook binne die kerkjaar in Koninkrykstyding waar die kerk oor die wêreld saam dink oor hoe God se koninkryk besig is om te kom in hierdie wêreld en hoe ons as gelowiges geroep word om daaraan deel te neem. Ons gaan saam kyk na vyf Bybelse verhale om ons hiermee te help.

Wat beteken dit vir my as lidmaat?

- Ons wil jou graag nooi om hierdie teksgedeeltes elke week voor die Sondag in jou Stiltetyd te lees (kyk gerus na die hulpmiddels om die Bybel te lees rakende Lectio Divina)
- Ons wil kleingroepe nooi om in die week saam die teksgedeelte te lees en te bespreek en saam te luister hoe julle die stem van God se gees daarin hoor vir ons tyd en konteks.
- Lees as gesin die gedeeltes en dink na oor hoe julle as gesin 'n gasvrye gesin kan wees.
- Kom vier saam as geloofsgemeenskap op 'n Sondag tydens die erediens die teksgedeelte wanneer ons dit ook biddend oordink in die eredienste.



LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER



Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".

BID



Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloof.

ONTVANG & LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

Koninkrykstyf is die seisoen tussen Pinksterfees en Advent. Die eerste Sondag in Koninkrykstyf staan bekend as Drie-eenheidsondag en die laaste as Sondag van Christus die Koning. Koninkrykstyf gaan oor die lewe in God se koninkryk. In Koninkrykstyf word die kerk daaraan herinner om hulle wortels diep veranker te hou in God se volgehoue teenwoordigheid en in Sy Woord.

EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
24 - 30 Jul	<i>Koninkrykstyf</i>	Gen 18:1-15; Heb 13:1-2	30 Julie
31 Jul - 6 Aug	<i>Koninkrykstyf</i>	Matt 10:40-44	6 Aug
7 - 13 Aug	<i>Koninkrykstyf</i>	1 Kon 17:9-24	13 Aug
14 - 20 Aug	<i>Koninkrykstyf</i>	Rom 12:9-21	20 Aug
21 - 27 Aug	<i>Koninkrykstyf</i>	1 Joh 4:15-21	27 Aug